## GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE

### WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie Bylae beteken 'lewensmaat' 'n persoon wat permanent by 'n ander persoon woon asof hulle getroud is.

### ALGEMENE GEDRAG VAN RAADSLEDE

2. 'n Raadslid moet—
(a) die werksaamhede van die amp met goeie trou, eerlik en op 'n deursigtige wyse verrig; en
(b) te alle tye in die belang van die munisipaliteit optree en op so 'n wyse dat die geloofbaarheid en integriteit van die munisipaliteit nie in die gedrang kom nie.

### STEM BY VERGADERINGS

3. 'n Raadslid mag nie stem ten gunste van of instem tot 'n besluit wat voor die raad of 'n komitee van die raad is, wat in stryd is met enige wetgewing van toepassing op plaaslike regering nie.

### BYWONING VAN VERGADERINGS

4. 'n Raadslid moet elke vergadering van die munisipale raad en van 'n komitee waarvan daardie raadslid 'n lid is, bywoon, behalwe wanneer—
(a) hy of sy ingevolge 'n toepaslike wetsbepaling of soos deur die reëls en orders van die raad bepaal, toestemming kry om afwesig te wees; of
(b) hierdie Kode vereis dat daardie raadslid van die vergadering onttrek.

### SANKSIES VIR NIEBYWONING VAN VERGADERINGS

5. (1) 'n Munisipale raad kan 'n boete soos deur die staande reëls en orders van die munisipale raad bepaal, aan 'n raadslid oplê—
(a) vir niebywoning van 'n vergadering wat daardie raadslid ingevolge item 4 moet bywoon; of
(b) vir versuim om by so 'n vergadering teenwoordig te bly.
(2) 'n Raadslid wat van drie of meer opeenvolgende vergaderings van 'n munisipale raad afwesig is, of van drie of meer opeenvolgende vergaderings van 'n komitee afwesig is, wat daardie raadslid ingevolge item 4 moet bywoon, moet van die amp van raadslid onthef word.
(3) (a) Verrigtinge vir die oplê van 'n boete of die ontheffing van 'n raadslid uit die amp, moet ooreenkomstig 'n eenvormige staande prosedure gehou word wat elke munisipale raad vir die doeleindes van hierdie item moet aanneem.
(b) Die eenvormige staande prosedure moet aan die reëls van natuurlike geregtigheid voldoen.

### OPENBAARMAKING VAN BELANGE

6. (1) 'n Raadslid—
(a) moet aan die munisipale raad, of aan enige komitee waarvan daardie raadslid 'n lid is, enige direkte of indirekte persoonlike of private sakebelang wat daardie raadslid, of enige gade, vennoot of sakevennoot van daardie raadslid mag hê in enige aangeleentheid wat voor die raad of die komitee ter sprake is, openbaar maak; en
(b) moet aan die verrigtinge van die raad of komitee onttrek wanneer daardie aangeleentheid deur die raad of komitee oorweeg word, tensy die raad of komitee besluit dat die raadslid se direkte of indirekte belang in die aangeleentheid gering of irrelevant is.
(2) 'n Raadslid wat, of wie se gade, lewensmaat, sake genoot, nabye familielid, enige direkte voordeel trek of kan trek uit 'n kontrak wat met die munisipaliteit gesluit is, moet volle besonderhede van die voordeel waarvan die raadslid bewus is, by die eerste vergadering van die munisipale raad openbaar maak.
(3) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op 'n belang of voordeel wat 'n raadslid, of 'n gade, lewensmaat of sake genoot 'n of nabye familielid, in gemeen met ander inwoners van die munisipaliteit het of verkry.

### PERSOONLIKE GEWIN

7. (1) 'n Raadslid mag nie die posisie of voorregte van 'n raadslid, of vertroulike inligting as 'n raadslid verkry, vir private gewin of om iemand anders onbehoorlik te bevoordeel, gebruik nie.
(2) Geen raadslid mag 'n party wees tot of begunstigde kragtens 'n kontrak vir die lewering van goedere of dienste aan enige munisipaliteit of enige munisipale entiteite deur 'n munisipaliteit ingestel nie.

### VERKLARING VAN BELANGE

8. (1) By verkiesing of aanstelling, moet 'n raadslid binne 60 dae die volgende finansiële belange wat daardie raadslid hou, skriftelik aan die munisipale bestuurder verklaar:
(a) Aandele en effekte in enige maatskappy;
(b) lidmaatskap in enige beslote korporasie;
(c) belang in enige trust;

(d) direkteurskappe;
(e) vennootskappe;
(f) ander finansiële belange in enige sakeonderneming;
(g) werk en vergoeding;
(h) eiendoms belang;
(i) pensioen; en
(j) subsidies, toelaes en borgskappe deur enige organisasie.
(2) Enige verandering in die aard of besonderhede van die finansiële belange van ’n raadslid moet jaarliks skriftelik aan die munisipale bestuurder verklaar word.
(3) Geskenke bo ’n voorgeskrewe bedrag deur ’n raadslid ontvang, moet ook ooreenkomstig subitem (1) verklaar word.
(4) Die munisipale raad moet bepaal watter van die finansiële belange in subitem (1) bedoel, openbaar gemaak moet word, met inagneming van die behoefte aan vertroulikheid en die openbare belang in openbaarmaking.

**VOLTYDSE RAADSLEDE**

9. ’n Raadslid wat ’n voltydse raadslid is, mag nie enige ander betaalde werk aanvaar nie, behalwe met die vergunning van ’n munisipale raad, welke vergunning nie onredelik teruggehou moet word nie.

**BELONINGS, GESKENKE EN GUNSTE**

10. ’n Raadslid mag nie enige beloning, geskenk of guns versoek, vra of aanvaar nie in ruil daarvoor—
(a) dat daardie raadslid op ’n spesifieke wyse stem of nie stem nie oor enige aangeleentheid voor die munisipale raad of voor ’n komitee waarvan daardie raadslid ’n lid is;
(b) dat daardie raadslid die raad of enige komitee oorreed in die uitoefening van enige bevoegdheid, werksaamheid of plig;
(c) dat daardie raadslid ’n vertoog aan die raad of enige komitee van die raad rig; of
(d) dat daardie raadslid geprivilegeerde of vertroulike inligting openbaar maak.

**ONGEMAGTIGDE OPENBAARMAKING VAN INLIGTING**

11. (1) ’n Raadslid mag nie sonder die vergunning van die munisipale raad of ’n komitee, enige geprivilegeerde of vertroulike inligting van die raad of komitee aan enige ongemagtigde persoon openbaar maak nie.
(2) By die toepassing van hierdie item sluit ‘geprivilegeerde of vertroulike inligting’ enige inligting in—
(a) deur die munisipale raad of komitee as geprivilegeerd of vertroulik verklaar;
(b) wat in ’n geslote sessie deur die raad of komitee bespreek is;
(c) waarvan die openbaarmaking ’n persoon se reg op privaatheid skend; of
(d) ingevolge die reg verklaar is geprivilegeer, vertroulik of geheim te wees.
(3) Hierdie item ontneem niks aan ’n persoon se reg op toegang tot
inligting ingevolge nasionale wetgewing nie.

**INMENGING IN ADMINISTRASIE**

12. ’n Raadslid mag nie, behalwe soos by wet bepaal—
(a) inmeng in die bestuur of administrasie van enige departement van die munisipale raad nie, tensy dit deur die raad mandateer is;
(b) sonder magtiging enige opdrag gee of voorgee om te gee aan enige werknemer van die raad nie;
(c) die implementering van enige besluit van die raad of ’n komitee deur ’n werknemer van die raad dwarsboom of poog om dit te dwarsboom nie; of
(d) enige gedrag aanmoedig of daaraan deelneem wat tot die wanadministrasie van die raad sal bydra, nie.

**MUNISIPALE EIENDOM**

13. ’n Raadslid mag nie enige eiendom of bate deur die munisipaliteit besit, beheer of bestuur waarop daardie raadslid geen reg het om dit te gebruik, te neem, te verkry of daaruit voordeel te trek nie.

**RAADSLID AGTERSTALLIG**

14. ’n Raadslid mag nie vir ’n tydperk van meer as drie maande by die munisipaliteit agterstallig wees met eiendomsbelasting en diensgelde nie.

**VERBREKINGS VAN KODE**

15. (1) Indien die speaker van ’n munisipale raad, op ’n redelike vermoede, van mening is dat ’n bepaling van hierdie Kode verbreek is, moet die speaker—
*(a)* ’n ondersoek van die feite en omstandighede rondom die beweerde verbreking magtig;
*(b)* die raadslid ’n redelike geleentheid gun om skriftelik te reageer oor die beweerde verbreking; en
*(c)* die aangeleentheid by ’n vergadering van die munisipale raad aanmeld nadat aan paragrawe *(a)* en *(b)* voldoen is.
(2) ’n Verslag ingevolge subartikel (1)*(c)* is oop vir die publiek.
(3) Die speaker moet die resultaat van die ondersoek aan die LUR vir plaaslike regering in die betrokke provinsie rapporteer.
(4) Die voorsitter moet verseker dat elke raadslid, by die opneem van ’n amp, ’n afskrif van hierdie Kode ontvang en dat ’n afskrif van die Kode in elke vertrek of plek waar die raad vergader, beskikbaar is.
(5) Indien die speaker van die raad die beweerde dader is, of die speaker weier om ’n ondersoek te magtig, moet die raad ’n spesiale komitee instel, soos in Item 16(1)*(b)* beoog, om ondersoek in te stel en ’n beslissing te maak oor enige beweerde verbreking van hierdie Kode.

## ONDERSOEK VAN VERBREKING

16. (1) ’n Munisipale raad kan—
(a) ’n beweerde verbreking van ’n bepaling van hierdie Kode ondersoek en daaroor beslis; of
(b) ’n spesiale komitee instel—
(i) om ondersoek in te stel en ’n beslissing te maak oor enige beweerde verbreking van hierdie Kode; en
(ii) om gepaste aanbevelings aan die raad te doen.
(2) Indien die raad of ’n spesiale komitee bevind dat ’n raadslid ’n bepaling van hierdie Kode verbreek het, kan die raad—
(a) ’n formele waarskuwing aan die raadslid uitreik;
(b) die raadslid teregwys;
(c) versoek dat die LUR vir plaaslike regering in die provinsie die raadslid vir ’n sekere tydperk skors;
(d) die raadslid beboet; of
(e) versoek dat die LUR die raadslid uit die amp verwyder.
(3) Die speaker moet die LUR vir plaaslike regering in die betrokke provinsie binne 14 dae inlig oor die beslissing en die sanksie waarop die raad besluit het.
(4) (a) Enige raadslid wat ingevolge paragraaf (a), (b) of (d) van subitem (2) gewaarsku, tereggewys of beboet is, kan binne 14 dae sedert kennisgewing van die besluit van die raad, skriftelik by die LUR vir plaaslike regering appèl aanteken en die redes waarop die appèl gegrond is, uiteensit.
(b) Die LUR moet ’n afskrif van die appèl aan die raad voorsien.
(c) Die raad kan binne 14 dae van ontvangs van die appèl in paragraaf (b) bedoel, enige vertoog rakende die appèl skriftelik aan die LUR vir plaaslike regering rig.
(d) Die LUR vir plaaslike regering kan, na oorweging van die appèl, die besluit van die raad bevestig, tersyde stel of verander en die raadslid en die raad verwittig van die uitslag van die appèl.
(5) Die LUR vir plaaslike regering moet ’n persoon of ’n komitee aanstel om enige beweerde verbreking van ’n bepaling van hierdie Kode te ondersoek en om ’n aanbeveling aangaande die gepaste sanksie ingevolge subitem (2) te doen as ’n munisipale raad nie ’n ondersoek in subitem (1) beoog, doen nie en die LUR vir plaaslike regering dit nodig ag.
(6) Die Kommissiewet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), of, waar van toepassing, toepaslike provinsiale wetgewing, kan op ’n ondersoek ingevolge subitem (4) toegepas word.
(7) Indien die LUR van mening is dat die raadslid ’n bepaling van hierdie Kode verbreek het en dat daardie oortreding ’n skorsing of ontheffing van amp regverdig, kan die LUR—
(a) die raadslid vir ’n tydperk en op voorwaardes deur die LUR bepaal, skors; of
(b) die raadslid uit die amp verwyder.
(8) Enige ondersoek ingevolge hierdie item en enige aksie deur die LUR ingevolge subitem (7), moet ooreenkomstig artikel 3 van die ‘Promotion of Administrative Justice Act, 2000’ (Wet No. 3 van 2000), wees.

## TOEPASSING VAN KODE OP TRADISIONELE LEIERS

17. (1) Items 1, 2, 6, 7, 10*(b)* tot *(d)*, 11, 12, 13, 15 en 16(1) is van toepassing op ’n tradisionele leier wat ingevolge artikel 81 aan die verrigtinge van ’n munisipale raad deelneem.
(2) Hierdie items moet op die tradisionele leier toegepas word op dieselfde wyse as wat dit op raadslede van toepassing is.
(3) Indien ’n munisipale raad of ’n spesiale komitee ingevolge item 16(1) bevind dat ’n tradisionele leier ’n bepaling van hierdie Kode verbreek het, kan die Raad—
(a) ’n formele waarskuwing aan die tradisionele leier uitreik; of
(b) versoek dat die LUR vir plaaslike regering in die provinsie die tradisionele leier se reg om aan die verrigtinge van die raad deel te neem, intrek.
(4) Die LUR vir plaaslike regering kan ’n persoon of ’n komitee aanstel om enige beweerde verbreking van ’n bepaling van hierdie Kode te ondersoek en om ’n aanbeveling te doen oor hetsy die reg van die tradisionele leier om aan die verrigtinge van die munisipale raad deel te neem, opgeskort of ingetrek moet word.
(5) Die Kommissie wet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), kan op ’n ondersoek ingevolge subitem (4) toegepas word.
(6) Indien die LUR van mening is dat die tradisionele leier ’n bepaling van hierdie Kode verbreek het en dat daardie verbreking ’n opskorting of intrekking van die tradisionele leier se reg om aan die raad se verrigtinge deel te neem, regverdig, kan die LUR—
(a) daardie reg vir ’n tydperk en op voorwaardes deur die LUR bepaal, opskort; of
(b) daardie reg intrek.
(7) Enige ondersoek ingevolge hierdie item en enige stappe deur die LUR ingevolge subitem (6), moet ooreenkomstig die reëls van natuurlike geregtigheid wees.
(8) Die opskorting of intrekking van ’n tradisionele leier se reg om aan die verrigtinge van ’n raad deel te neem, raak nie daardie tradisionele leier se reg om die raad ingevolge artikel 81(3) toe te spreek nie.’’.

## HERROEPING VAN WETTE

18. Artikel 19, artikel 54 en Bylae 1 tot die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), word hierby herroep.

## OORGANGSMAATREËLS

19. ’n Munisipaliteit wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ’n volle raad uitvoerende stelsel het, sal voortgaan om as ’n munisipaliteit met ’n volle raad uitvoerende stelsel te bestaan tot op die datum van die eerste plaaslike regeringsverkiesing na inwerkingtreding van hierdie Wet.